# Les 15 GELIEFDE KINDERS: LIEFDE TUSSEN OUERS EN KINDERS: OUERS VERSORG KINDERS, EN KINDERS EER OUERS

## 1. Liefde tussen ouers en kinders

Die Here wys ons in Sy gebooie hoe ons mekaar moet liefhê. In die vyfde gebod van die Tien Gebooie, wys die Here hoe ouers en kinders mekaar moet liefhê: *“[12] Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.”* Eks. 20

Die liefde wat kinders vir hulle ouers moet hê, is om hulle ouers te eer. Hoe moet ouers hul kinders liefhê? Kyk weer na die vyfde gebod: jou ouers moet Vader en Moeder wees. Hierdie twee woorde is baie belangrik! Hulle moet nie jou beste vriende wees nie. Hulle moet nie jou baas wees nie. Hulle moet nie jou onderwysers, predikante of polisiemanne wees nie. Hulle moet ook nie jou boetie of sussie wees nie. Hulle moet jou vader en moeder wees.

Wanneer is ’n man ’n vader? Wanneer hy sy kinders versorg en lei. Wanneer is ’n vrou ’n moeder? Wanneer sy haar kinders versorg en lei.

Dit is hoe liefde tussen ouers en kinders werk: ouers moet kinders versorg en lei, en kinders moet ouers eer.

## 2. Ouers versorg kinders

Ouers moet kinders versorg. Kan julle dink waarvoor ouers alles vir kinders moet sorg? Kyk wat julle alles kan opnoem!

Hulle moet sorg vir ’n huis waarin kinders veilig kan bly. Hulle moet sorg vir klere wat kinders kan aantrek. Hulle moet sorg dat kinders kos het om te eet. Hulle moet sorg dat kinders medisyne kan kry as hulle siek is. Hulle moet sorg dat kinders kan rondry en orals kan kom waar kinders gehelp word.

Ouers moet sorg dat kinders kan leer. Die Here het aan elke kind talente gegee waarmee hulle eendag sal kan werk. Maar kinders moet leer om hierdie talente van die Here te kan gebruik. Daarom moet ouers sorg dat kinders in die skool kan wees en kan leer. Ouers moet kinders help om te leer en hulle huiswerk te doen.

## 3. Ouers ontvang kinders van die Here

Wie het jou gemaak? Maak ouers kinders? Nee! Die Here is die Skepper. Hý maak kinders. Hy gebrúík net ouers wanneer Hy kinders maak. Daarom behoort alle kinders aan die Here. Die Here gee aan ouers kinders. Kinders is altyd God se gawe aan ouers.

Ouers moet altyd glo dat hulle kinders ’n gawe van God is, en dat God hulle die voorreg gegee het om kinders te mag hê. Daarom moet ouers kinders versorg. Want hulle versorg die kinders wat die Here gemaak het. Die Here gebruik ouers om vir kinders te sorg. Alles wat ouers vir kinders doen, moet altyd diens aan die Here wees, uit die geloof dat God hulle kinders gemaak en aan hulle as gawe gegee het. Dit moet altyd versorging wees uit dankbaarheid vir die gawe en voorreg wat die Here vir hulle gegee het, om kinders te mag hê.

Daarom moet ouers ook hulle kinders leer dat dit Gód is wat hulle versorg. Dit doen ouers deur altyd voor hulle eet, saam met hulle kinders te bid en die Here te dank vir alles wat Hy vir hulle gee. Daarom moet ouers ook elke aand saam met kinders bid en die Here dank vir alles wat God elke dag vir hulle doen. Ouers moet kinders ook Sondae saamvat kerk toe wanneer hulle die Here gaan dank, eer en loof saam met al die ander ouers en kinders wat die Here dien.

**4. Ouers het aan God belowe om saam met hulle kinders die Here te dien**

Toe jy gedoop is, het jou ouers voor al die ander ouers en kinders hulle geloof bely, en aan die Here ’n belofte gemaak:

- Hulle het bely dat hulle glo jy is ’n gawe van die Here, en dat jy aan Hom behoort.
- Hulle het bely dat al gaan jy baie verkeerde dinge doen, hulle altyd sal glo dat God jou al klaar vir alle sondes vergewe het, en dat hulle nooit as jy iets verkeerds doen, moet dink jy behoort nie aan die Here nie.
- Toe het hulle beloof dat hulle sal sorg dat jy saam met hulle die Here sal dien, en dat hulle jou sélf van die Here sal leer, en ook deur die Kerk van die Here sal láát leer.

Want om net te sorg en nie saam die Here te dien nie, help nie.

As jou ouers net vir jou ’n blyplek, kos, klere en ’n skool gee, maar hulle wys jou nie hoe om die Here te dien nie, dan kyk hulle miskien na jou, maar hulle is nie regtig besig om vir jou te sorg nie.

Net as jy weet dat die Here vir jou sorg en dat jou ouers se sorg, is hoe die Here na jou kyk, dan weet jy mos dat jy altyd vir die Here moet dankie sê vir alles wat jou ouers doen. Dan weet jy mos dat jy altyd vir die Here moet vra om hulle te help. Dan weet jy mos dat jy moet luister wat die Here vir jou sê, hoe jy na jou ouers moet luister.

**5. Kinders moet hulle ouers eer**

Die liefde wat die Here aan kinders vir hulle ouers gee – is eerbied. Eerbied vir ouers is die regte liefde wat kinders vir ouers moet hê.

Wat is eerbied vir ouers?

- Eerbied vir ouers is om te glo dat God jou ouers vir jou as 'n gawe gegee het. Jou ouers is nie maar jou ouers net omdat hulle getroud is, of omdat hulle besluit het hulle wil kinders hê nie. God het besluit dat Hy hulle jou ouers gaan laat wees. God het die gawe om te lewe en deel van hierdie skepping te mag wees, vir jou deur jou ouers gegee. Sonder hulle sou jy nooit bestaan en geleef het nie. Dit is die belangrikste manier waarop jy jou ouers moet eer: God het húlle gebruik om jou te maak, en aan jou die gawe te gee om te mag lewe.

- Eerbied vir jou ouers beteken om aan hulle gehoorsaam te wees wanneer hulle jou volgens die Here se wil, wys en sê wat om te doen. Dit is hoe kinders hulle ouers liefhet – om gehoorsaam te wees in alles wat volgens die Here se wil is. Om te maak of te dink dat jy nie aan hulle gehoorsaam hoef te wees nie, is oneerbiedigheid. Dit is hoe kinders hulle ouers minag.

- Eerbied vir ouers is om altyd dankbaar te wees vir alles waarvoor hulle sorg, en vir hulle dankie te sê. Om sommer net stil te bly en te maak asof alles wat hulle doen en gee, sommer maar net daar is, is hoe kinders hulle ouers seermaak.

- Eerbied vir ouers is om geduldig te wees met alles wat ouers verkeerd doen, en verkeerd sê. Die ouers wat die Here vir jou gegee het, is sondaars. Dit beteken dat hulle soms verkeerde dinge dink en doen. Kinders moet aanvaar dat hulle ouers baiekeer nie goed vir hulle gaan sorg nie, of hulle baiekeer gaan seermaak en verwaarloos, omdat ouers sondaars is.

- Eerbied vir ouers is om ouers altyd te vergewe. As hulle iets verkeerd doen, dan vergewe die Here hulle. Daarom moet kinders ook hulle ouers vergewe.

**6. Kinders dien die Here en eer hulle ouers**

Kinders behoort aan die Here. Hy is ons Skepper! Daarom dien ons die Here en eer ons ons ouers. Kinders kan nooit hulle ouers dien nie. Ouers en kinders dien saam die Here.

Daarom is dit nét die Here wat sê hoe ons ons ouers moet liefhê. Ouers mag nooit vir kinders sê om iets te doen wat vir die Here verkeerd is nie. Kinders mag nooit dink dat as hulle ouers vir hulle vertel om iets te doen wat God sê verkeerd is, dat dit reg~~verkeerd~~ is nie. Kinders kan nie ouers eer met dinge wat ouers verkeerd sê nie.

- Kinders mag nie vir ouers luister as ouers vir kinders vertel om iets te vat wat nie aan hulle behoort nie. Dan moet jy vir ouers nee sê.
- Kinders mag nie saam met ouers drink om dronk te word nie. Kinders mag nie na ouers luister wat hulle dronk wil maak nie. Dan moet kinders vir ouers nee sê.
- Kinders mag nie na ’n pa luister wat sê hulle moet lelik praat met hulle ma, of na ’n ma wat sê kinders hoef nie na hulle pa te luister nie. Dan moet kinders vir ’n pa of ma nee sê.
- Kinders mag nie dat ouers met hulle dinge doen wat hulle só skaam maak dat hulle nooit daaroor met ander mense kan praat nie. Dan moet kinders vir pa of ma nee sê, en met grootmense gaan praat oor wat hulle ouers met hulle doen.

Hoekom?

Want kinders is gawes van die Here aan ouers, en ouers is gawes van die Here aan kinders. Maar kinders en ouers behoort aan die Here. Die Here wys hoe ouers en kinders mekaar moet liefhê. Die Here wys ons moet ons ouers eer, maar ons moet God dien. Ouers en kinders mag nie teen die wil van God optree nie.

**7. God beloof dat Hy vir ouers en kinders goed sal wees**

Kyk weer na die vyfde gebod: *“d2 Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.”* Wat gee God vir ouers en kinders wat mekaar liefhet soos Hy sê? Hulle kan lank in die land bly wat God aan hulle gee.

God laat dit met ’n land goedgaan waar ouers en kinders mekaar liefhet. In ’n land waar ouers werk om hulle kinders te versorg, en waar kinders hulle ouers eer, gaan dit goed.

Maar in ’n land waar ouers nie vir hulle kinders sorg nie, en kinders nie hulle ouers eer nie, gaan dit altyd baie sleg.

**8. Opsomming**

Hoe sê die Here moet ouers en kinders mekaar liefhê? Ouers moet vir kinders sorg, en kinders moet ouers eer.

Die belangrikste hiervan is: Ouers moet glo die Here het hulle kinders vir hulle gegee, en kinders moet glo dat die Here hulle ouers vir hulle gegee het.

Volgende keer gaan ons kyk hoe mense hierdie liefde tussen ouers en kinders heeltemal omdraai en verkeerd laat werk.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog